

In 'n oorsig oor 2021 dink 'n mens willekeurige aan al die kollegas in die private en openbare sektor wat 2022 nie saam met ons kan aanpak nie. Sommige leiers wat die landbou goedgesind was, is weens covid-19 nie meer daar nie. Ander het heeltemal uitgetree; daar is darem 'n aantal afgetredenes wat nog deelyds hul welkome insette gaan lewer.

Tydens die appèlverhoor waartydens die aanstelling van gevolmagtigdes deur die departement van landbou, grondhervorming en landelike hervorming betwis is, het die gebrek aan institusionele kennis duidelik uitgestaan.

Gebruike uit die verlede is dalk nie meer uitvoerbaar of die doeltreffendste nie, maar moenie iets wat werk, summier oorboord gooi bloot op grond van instruksies om 'n onbewese alternatief in te stel nie.

Dit is wanneer institusionele kennis groot waarde het. Bykomende regulering is dalk wetlik regverdigbaar, maar kan die bykomende koste daarvan binne die maatskaplik-ekonomiese klimaat geregverdig word?

Agbiz Grain het die dapper stap gedoen om self sy saak sonder regsverteenvoerding voor te lê. Dit was die regte en die kostedoeltreffendste besluit om ons sienings deur te gee sonder om dit deur regslui te laat vertolk.

APPÈLRADEN EN HOWE

Die uitspraak oor die appèl is op Vrydag 10 Desember (ná die spertyd vir hierdie rubriek) bekendgemaak. Dit sal interessant wees om te sien of nugterheid die oorhand gekry het en gesonde verstand aan die dag gelê is.

Ongelukkig is daar vandag minder mense in die private



Institusionele kennis raak ál skaarser

Ondeurdagte verandering kan daartoe lei dat al hoe meer appèl aangeteken word teen besluite wat die landbou raak. Dit gaan beteken dat regslui met min kennis van die landbou daardie besluite gaan neem.

sektor en regeringstrukture met dieselfde institusionele kennis oor. Al hoe meer beslissings kan voor appèlrade en in howe eindig. Benewens die onnodige koste is die ironie dat besluite wat andersins nooit bevestig is nie, nou geneem word deur regslui met nog minder institusionele landboukennis.

Vanjaar is die JSE se reëls met die noue samewerking van al die sektore in die graan- en oliesadebedryf hersien. Die reëls is verbeter sonder om onnodige transaksiekoste toe te voeg. Die JSE het as prinsipaal self met sy kliënte geskakel en met almal tot 'n vergelyk gekom oor elke reël. Dit was belangrik omdat almal moes weet of dit uitvoerbaar is voordat die nuwe reëls finaal afgekondig kon word. Die proses het langer as 'n jaar geduur.

Daarteenoor is die instelling van inspeksiedienste in die *Staatskoerant* afgekondig voordat die impak van die gevolmagtigde se sakemodel finaal opgeklare is. Al die sektore is daarteen gekant en raadpleging was onvoldoende. Die departement kan by die JSE gaan kers opsteek oor hoe om met belanghebbendes saam te werk.

'n Aspek wat al die sektore na aan die hart lê, is die finansiering van die dienste wat aan

die graan- en oliesadesektor gelewer word, soos die dienste van navorsingsinstellings en die projekte van produsente-organisasies soos Graan SA waarby die waardeketting baat vind. Hierdie dienste word moontlik gemaak deur vrywillige en hoofsaaklik statutêre heffings wat by die eerste punt van verhandeling of lewering in die waardeketting ingesamel word.

Opbergers speel 'n belangrike rol met die insameling van die heffings. 'n Statutêre heffing word ingesamel sonder dat toestemming nodig is. 'n Vrywillige heffing mag nie sonder toestemming van die verkoper se transaksie of opbergingskoste verhaal word nie.

In die lig van die risiko en fel mededinging met die verhandeling van graan in Suid-Afrika is marges dun. Almal wat by die graanwaardeketting betrokke is, word nogtans versoek om die invordering van vrywillige heffings vir die finansiering van bedryfsfunksies te ondersteun omdat almal daarby baat vind.

Agbiz Grain het in 2021 'n indeks vir die opbergingskoste van graan (GSCI) deur die buro vir ekonomiese ondersoek op Stellenbosch laat ontwikkel. Die JSE se opbergingsstarief word jaarliks op grond van die

produsenteprys-indeks (PPI) aangepas. Die GSCI bestaan uit 'n mandjie van geweegde opbergingskoste-artikels waarvan die kosteneigings oor tyd gevolg word om ingeligte afleidings te kan maak oor veranderings.

MINDER WISSELVALLIG

Die belangrikste gevolgtrekking was dat die verandering in die GSCI op 'n jaargrondslag minder wisselvallig is as die PPI. Op lang termyn is die afwyking tussen die GSCI en PPI minimaal. Dit is twee belangrike redes waarom die GSCI pleks van die PPI gebruik behoort te word om die JSE se tariewe aan te pas.

Tydens Agbiz Grain se 2021-simposium het dit duidelik geword dat tegnologieverskaffers oor die afgelope twee jaar toenemend daarop begin konsentreer het om oplossings te begin ontwikkel in die ná-strooifase van die waardeketting, wat opbergers insluit. Dit sluit nie net tipiese navorsing oor opberging self in nie, maar ook kultivar-ontwikkeling wat opbergingsvereistes in ag neem.

Niemand weet watter verrassings 2022 kan oplewer nie. In die aanloop tot 2022 het Agbiz Grain in November 2021 besluit om 'n praktykkode vir die opbergingssektor te ontwikkel. Dit het ten doel om 'n groter begrip vir die rol van selfregulering in die Suid-Afrikaanse konteks in opberging tuis te bring.

Ons glo dat beter kommunikasie tussen die private sektor, regering en die internasionale mededingers vir Suid-Afrikaanse graan en oliesade nodig is. Alle sterkte vir 2022. **LBW**

Mnr. Wessel Lemmer is die hoofbestuurder van Agbiz Grain.